## Graad 2: Dinsdag, 28 April 2020

| Engels | |
|---|---|
| **Phonics: h - sound** | Woorde op bl. 9 in Phonics-boekie. Leerders moet die woorde kan skryf en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan mondelings 'n sin maak met elke woord om te wys hulle ken die betekenis van die woord en dan oefen hulle sommer terselfdertyd 'n bietjie om mooi Engels te praat. |
| **Sentence** | Skryf die sin op bl. 9 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit. |
| **Reading** | Leesstuk nommer 10 op bl. 38 van Phonics-boekie. Leerders kan hierdie leesstuk oefen totdat hulle dit vlot kan lees. |
| **Speaking & Vocabulary (Past Tense)** | Hierdie aktiwiteit word slegs mondelings gedoen om die leerder aan die konsep bloot te stel. Mamma/Pappa sê 'n sin. Die leerder herhaal die sin, maar moet dit nou met "Yesterday" begin. (Werkvel 6) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel mondelings** | Julle moet elke dag net hardop tel, dit moenie neergeskryf word nie!<br>Tel aan in 1'e van 30 – 50.<br>Tel terug in 1'e van 110 – 90. |
| **Getalle & bewerkings** | Verlede week het ons geleer oor getal 11. Vandag gaan ons 'n paar treintjiesomme doen oor getal 11. (Werkvel 7) |
| **Analoogtyd** | Vertel weer vir Mamma/Pappa waar is die lang wysers as ons praat van *"uur", "half", "kwart oor"* en *"kwart voor"*. Teken nou die wysers in op die horlosie in jou huiswerkflippie om die volgende tye te wys:<br>kwart voor 7 ; half 9 ; kwart oor 2 ; 8 uur ; kwart voor 4 ; half 12<br>(Gebruik 'n potlood sodat jy kan uitvee of teken met 'n witbordpen bo-op die sakkie sodat jy dit kan afvee.) |
| **Konsep van die dag: Volmaak van 10e** | Vandag gaan ons weer 'n bietjie kyk na 'n plan wat ons al in Graad 1 geleer het. Ons noem hierdie plan sommer "*Volmaak van tiene*" in Graad 2. Gaan kyk 'n bietjie na Werkvel 1 sodat jy meer kan leer oor hierdie plan en doen dan: 9 + 4 ; 8 + 6 ; 19 + 5 ; 8 + 7 (Werkvel 1) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Motoriek** | Kyk hoeveel keer jy 'n bal kan gooi en vang sonder om dit te laat val, eers met 2 hande, dan met jou regterhand en dan met jou linker-hand. (As jy nie 'n bal het nie, frommel sommer 'n ou papier op.) |

# Graad 2: Woensdag, 29 April 2020

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Klanke: bl-** | Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. koekblik, blomtuin: ge + blaf ; weg + bly ; blaar + slaai ; pot + blou ; ge + bloos ; bloed + rooi ; om + blaai ; dood + bloei ; koek + blik ; blom + tuin |
| **Geheuesin** | Ek nooi my maatjie na ons nuwe huis. (Onthou: Jy moet elke dag jou geheuesin neerskryf, net soos wanneer jy dit vir huiswerk gekry het.) |
| **Lees & Skryf** | Lees die leesstuk oor slange (Werkvel 8). Verbeel jou nou die slang het toe wel ontsnap! Skryf 'n storie oor wat gebeur het toe die slang ontsnap het. |
| **Taalwerk: Verlede tyd** | Hierdie week gaan ons kyk na verlede tyd. Gebruik Werkvel 2 om te leer en te oefen om sinne in die verlede tyd oor te skryf. (Werkvel 2) |
| **Wiskunde** | |
| **Tel mondelings** | Tel aan in 2's van 100 – 120.<br>Tel terug in 2's van 60 – 40. |
| **Getalle & bewerkings** | Geldsomme: R6.50 + R2.50 = ; R7 – 50c = ; R2.20 + R5.50 = ; R8.50 – 50c = ; R4 + R2 + 10c + 50c = ; R10 – R1.50 = ; R9 – 50c =<br>Hoofreken: 23 + 4 = ; 26 – 4 = ; 30 – 3 = ; 22 + 5 = ; 28 + 2 = ; 14 – 1 = |
| **Woordsom** | Daar is 2 seuns en 4 dogtertjies by die partytjie. Elkeen kry 3 lekkers. Hoeveel **lekkers** moet Mamma koop? |
| **Konsep van die dag: Verdubbel & Halveer** | Verlede week het ons geoefen om verdubbel- en halveersomme mooi uit te skryf. Doen nou die volgende somme op daardie metode.<br>Verdubbel: 24 ; 41 ; 35 ; 53<br>Halveer: 32 ; 54 ; 76 ; 98 (Jy moet nou al 30, 50, 70 en 90 se helfte uit jou kop uit ken. As jy dit nog nie so goed ken nie, gebruik nou die kans om dit te leer. 30→15 ; 50→25 ; 70→35 ; 90→45) |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Ontkieming van 'n boontjie** | Wat dink julle sal met 'n boontjie gebeur indien ons dit in watte plant? Gesels 'n bietjie met Mamma/Pappa hieroor. As julle dalk 'n boontjie in die huis het, kan julle dit plant en dophou wat elke dag daarmee gebeur. Daar is ook 'n video beskikbaar wat julle kan kyk om julle hiermee te help. (Werkvel 4) |

# Graad 2: Donderdag, 30 April 2020

| | |
|---|---|
| **Afrikaans** | |
| **Klanke: br-** | Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. sonbril, afbreek: son + bril ; brak + water ; brul + padda ; af + breek ; broek + sak ; stief + broer ; braai + vleis ; broei + kas ; bruis + meel ; in + bring |
| **Geheuesin** | Ek nooi my maatjie na ons nuwe huis. |
| **Lees & Begrip** | Lees die leesstuk oor visse en beantwoord dan die vrae wat daarop volg. (Werkvel 5) |
| **Taalwerk: Verlede tyd** | Gister het ons geleer oor verlede tyd. Skryf die sinne op Werkvel 3 oor in die verlede tyd. (Werkvel 3) |
| **Klanketoets & Phonics test** | Vra vir Mamma/Pappa om vir jou enige woorde te vra uit die woorde wat ons hierdie week geoefen het. Hulle kan sommer 5 Afrikaanse woorde en 5 Engelse woorde vra vandag. Kyk of jy volpunte kan kry vir jou toetsie. Onthou van die geheuesin en die Engelse sin! |
| **Wiskunde** | |
| **Tel mondelings** | Tel aan in 5'e van 5 – 65.<br>Tel terug in 5'e van 120 – 85. |
| **Patrone** | Voltooi die volgende getalpatrone: 44 42 40 __ __ __ ;<br>11 21 31 __ __ __ ; 80 70 60 __ __ __ ; 35 40 45 __ __ __ ;<br>19 21 23 __ __ __ ; 113 112 111 __ __ __ ; 33 38 43 __ __ __ |
| **Woordsom** | 46 ballonne word opgeblaas. Die helfte bars. Hoeveel **ballonne** is oor? |
| **Tangramme** | Bou die volgende prentjies met jou tangram: nommer 37, 34, 21 |
| **Konsep van die dag: Waarde** | Waarde beteken "Hoeveel is elke getal werd?" Jy kan jou flardkaarte gebruik om eers die getalle te bou as jy sukkel met hierdie konsep. Wat is die waarde van die onderstreepte syfer in elke getal?<br>(bv. 3**8** → 8 ; **1**6 → 10): 6**7** ; **4**5 ; **7**9 ; 6**6** ; **2**8 ; 3**2** |
| **Lewensvaardigheid** | |
| **Seisoene** | Onthou jy nog die name van die 4 seisoene? Watter maande pas by watter seisoene? Vertel vir Mamma/Pappa een feit oor elke seisoen. |
| **Motoriek** | Vra vir Mamma/Pappa om vir jou 'n hindernisbaan in die huis te maak, bv: Spring op een been rondom die koffietafel en seil dan onderdeur. Hardloop nou agteruit tot by jou kamer. Dribbel 'n bal tussen die stoele. (As jy 'n springtou het, kan jy ook touspring oefen.) |

# SKAKELS NA YOUTUBE VIDEOS

**Afrikaans:**

Verlede tyd: https://youtu.be/nsNE8O0LhA4

**Wiskunde:**

Volmaak van 10: https://youtu.be/q9h4skGoWJ8

Tyd: kwart voor https://youtu.be/ot   zEsJWcc

kwart oor https://youtu.be/wZZL--jGNWM


**Engels:**

The h – sound: https://youtu.be/f16S3UPfkp4

Prepositions: https://youtu.be/h19wLvYWmQE

**Lewensvaardighede:**

Ontkieming van 'n boontjie: https://youtu.be/zEOfdGaO5r8



**Onthou:**

Jy kan steeds volhou om
boeke op jou leeslys te skryf.
Die addisionele werkvelle is nie
verpligtend nie, maar dit sal tot jou
voordeel wees as jy 'n bietjie daarna
kyk wanneer jy tyd het.
Juffrou verlang na jou en is trots
op jou harde werk!

# Werkvel 1: Volmaak van tiene

Hierdie plan om somme makliker te doen het jy al in Graad 1 geleer. Ons gaan nou net nog 'n metode leer om dit uit te skryf.

Wat is volmaak van tiene? As jy 'n som kry soos bv. 9 + 3, kan jy dit vir jouself makliker maak deur die 9 'n 10 te maak. Maar hoe het jy nou die 10 gekry? 9+1=10, so dit beteken jy het een by die drie gevat om eers 'n 10 te maak. Nou is daar 2 oor van die 3. Jy moet nou net die 2 by die 10 voeg om die antwoord te kry. 10+2=12 so dit beteken 9+3=12.

Kom ek wys jou hoe ons dit kan uitskryf:

| | |
|---|---|
| 1. Skryf die som neer en teken soveel kolletjies langsaan soos wat jy moet bytel. | 9 + 3 o o o |
| 2. Maak nou eers die 10 vol. Ons gebruik 'n → omdat die som nog nie klaar is nie. Gaan trek die kolletjie dood wat jy gebruik het. | 9 + 3 ø o o<br>9 + 1 → 10 |
| 3. Jy sien nou daar is nog 2 kolletjies oor wat ons moet bytel. Tel hulle by om die antwoord te kry. | 9 + 3 ø o o<br>9 + 1 → 10 + 2 = 12 |

Ons kan dieselfde doen met 8. Onthou net dan moet ons 2 bysit om die 10 vol te maak, bv. 8 + 5:

8 + 5 ø ø o o o

8 + 2 → 10 + 3 = 13

Nou gaan ek vir jou wys wat om te doen met 19 en met 28:

| Ons som is 19 + 5: | Ons som is 28 + 7: |
|---|---|
| 19 + 5 ø o o o o<br>19 + 1 → 20 + 4 = 24 | 28 + 7 ø ø o o o o o<br>28 + 2 → 30 + 5 = 35 |

# <u>Werkvel 2: Verlede tyd</u>

As iets in die verlede tyd geskryf is, beteken dit dit het reeds gebeur. Wanneer jy 'n sin in die verlede tyd moet oorskryf, sal daar altyd "***het***" en "***ge-***" in die sin wees, bv: Ek **het** lekker **ge**speel. Ons **het** koek **ge**ëet.

Ons gaan sinne op 2 maniere in die verlede tyd skryf. Soms gaan ons met "Gister" begin en soms met 'n ander woord. Hier is voorbeelde.

| |
|---|
| Skryf oor in die verlede tyd: **Jannie skop die bal.**<br>1. Gister het Jannie die bal geskop.<br>2. Jannie het die bal geskop. (Antwoord 1 en 2 is albei korrek.) |
| Skryf oor in die verlede tyd: **Ons swem baie lekker.**<br>1. Gister het ons baie lekker geswem.<br>2. Ons het baie lekker geswem. |

Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd. Probeer dit op albei maniere skryf. Die eerste woord van elke sin word vir jou gegee.

1. Biebie lees 'n boek.

   Biebie ____________________________________________________

   Gister ____________________________________________________

2. Die kat jaag die muis.

   Die kat ___________________________________________________

   Gister ____________________________________________________

(Doen nog 'n paar voorbeelde mondelings om die begrip vas te lê.)

## Werkvel 3: Verlede tyd

Skryf die sinne oor in die **verlede tyd**. Die eerste woord van die eerste twee sinne is klaar vir jou gegee. By die derde sin kan jy kies met watter woord jy jou sin wil begin.

Jan eet 'n appel. → Gister ______________________________________

______________________________________________________________


Jan eet 'n appel. → Jan ______________________________________

______________________________________________________________

Sy bak 'n groot koek. → ______________________________________

______________________________________________________________

## Werkvel 4: Kweek 'n boontjieplant



# Werkvel 5: Visse

Jaco hou baie van visse. Hy het 'n paar interessante feite oor visse op die internet gekry:

- Visse slaap met oop oë.
- Visse lê hulle eiers in die water.
- Die witdoodshaai is die grootste vis.
- Visse leef in varswater of soutwater.
- Visse het skubbe, vinne en kieue.
- Visse voel wel pyn.

**Visgrappe:**

Hoekom is visse so slim?
Hulle woon in skole.

Watter soort vis is die duurste? Goudvisse

As visse op land kon woon, waar sou hulle woon?
In Finland

1. Hoekom is visse so slim?

2. Watter soort visse is die duurste?



3. As visse op land kon woon, waar sou hulle woon?

4. Maak 'n regmerkie by die sinne wat reg is en 'n kruisie by die sinne wat verkeerd is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Visse leef op land. | | Visse leef in water. | |
| Visse het skubbe, vinne en kieue. | | Visse het vier pote. | |
| Visse voel wel pyn. | | Visse voel nie pyn nie. | |
| Visse slaap onderstebo. | | Visse slaap met hulle oë oop. | |
| Visse lê hul eiers in die water. | | Visse lê hul eiers op land. | |
| Die sardien is die grootste vis. | | Die witdoodshaai is die grootste vis. | |

## Werkvel 6: Past Tense

Mamma/Pappa sê die sin wat in ***"Today"*** se kolom staan. Die leerder moet dan probeer om die sin in die verlede tyd te sê.

| Today | | Yesterday |
|---|---|---|
| I am brushing my teeth. |  | Yesterday I brushed my teeth. |
| I am kicking the ball. |  | Yesterday I kicked the ball. |
| I am walking to school. |  | Yesterday I walked to school. |
| We are talking. |  | Yesterday we talked. |
| We are dancing outside. |  | Yesterday we danced outside. |
| The dog is barking. |  | Yesterday the dog barked. |

## Werkvel 7: Treintjiesomme

| | | |
|---|---|---|
| 11 – 3 – 2 = | 4 + 4 +      = 11 | 11 – 2 – 6 = |
| 5 + 5 +      = 11 | 11 – 2 – 2 = | 3 +      + 5 = 11 |
| 11 – 6 – 0 = | + 3 + 2 = 11 | 11 – 2 – 0 = |
| 9 +      + 1 = 11 | 11 – 4 – 3 = | + 7 + 2 = 11 |
| 11 – 1 – 6 = | 1 + 9 + 1 = | – 4 – 3 = 4 |

# Werkvel 8: Slange

Vlooi het 'n slang skool toe gebring. Wim was baie opgewonde! Dit was 'n baie groot slang, maar die slang was nie gevaarlik nie. Vlooi hou die slang in 'n lang glastenk. Juffrou het vir die klas baie interessante dinge oor slange geleer. Hulle het geleer slange is reptiele. Slange is koudbloedig en moet in die son lê om warm te word. Hulle het ook geleer daar is meer as 2900 verskillende soorte slange in die wêreld. Party van die meisies in die klas was baie bang vir die slang. Wat as hy ontsnap terwyl hulle pouse hou?

## ADDISIONELE WERKVEL

1. Taalwerk (na aanleiding van Werkvel 8 se leesstuk):

   1.1 Wat is 'n ander woord vir **opgewonde**?

   1.2 Wat is die teenoorgestelde van **groot**?

   1.3 Onderstreep die twee woorde wat **rym** in elke sin:

   1.3.1 Is die meisies bang vir die slang?

   1.3.2 Vet slange kan baie pret hê.

   1.3.3 'n Reptiel kan oprol soos 'n wiel.

   1.4 Skryf die sinne oor en gebruik die regte leestekens:

   1.4.1 wim was opgewonde want vlooi het 'n slang gebring

   1.4.2 het vlooi 'n groot slang skool toe gebring

# ADDISIONELE WERKVEL

2. Getalname:

| | |
|---|---|
| 27 | |
| 49 | |
| 56 | |
| 114 | |
| 83 | |
| 125 | |

3. Getalsimbole:

| | | | |
|---|---|---|---|
| drie en tagtig | | honderd en twee | |
| honderd vier en veertig | | dertien | |
| twee en sestig | | honderd en ag | |
| honderd en dertien | | neëntien | |

4. Geldsomme:

| | |
|---|---|
| R4.50 + R1.50 = | R2 + R3 + 20c + 10c = |
| R4 – 50c = | R10 – R2.50 = |
| R6.50 + R2.20 = | R9.50 – R1.10 = |
| R7.50 – 50c = | R1.50 + R7.50 = |
| 50c + 50c = | R4.50 – 50c = |
| R2 + 50c = | R1.50 – 50c = |
| R8.50 + 50c = | R3 – 50c = |
| R3.50 + R4.50 = | R7 – 50c = |

# ADDISIONELE WERKVEL

5. Tiene en ene:
   Moenie deurmekaar raak met die tiene en ene nie. Jy kan al hierdie somme doen. Gebruik jou flardkaarte of 100-blok as jy sukkel.

46 + 2 = ____

85 – 3 = ____

63 – 60 = ____

10 + 10 + ____ = 50

____ – 30 = 10

72 – 10 = ____

100 – ____ = 40

76 – 7 = ____

30 + ____ = 70

60 – 10 – ____ = 40

64 + 20 = ____

83 + 20 = ____


6. Wat is die **waarde** van die onderstreepte syfer in elke getal?
   Byvoorbeeld: 3**9** → 9 (of: 3**9** → 9 ene)

   **3**9 → 30 (of: **3**9 → 3 tiene)

| | | |
|---|---|---|
| 9**7** → | **1**5 → | 10**3** → |
| **7**3 → | 2**6** → | **3**2 → |
| 4**6** → | **7**1 → | 5**8** → |
| 1**2**3 → | 1**4** → | **6**9 → |

# ADDISIONELE WERKVEL

7. Choose a word from the box to complete the sentences:

| on    under    in    behind    in front of | |
|---|---|
|  | The ball is ______________________ the box. |
|  | The dog is ______________________ the table. |
|  | The boy is ______________________ the tree. |
|  | The mouse is ______________________ the box. |
|  | The bird is ______________________ the box. |

8. Volmaak van tiene:

| | |
|---|---|
| VOORBEELD: | 29 + 5 ø o o o o<br>29 + 1 → 30 + 4 = 34 |
| 9 + 6 | |
| 28 + 9 | |
| 19 + 4 | |
| 8 + 7 | |
| 18 + 8 | |

# INTERESSANTE FEITE

## 27 April: Vryheidsdag


Op hierdie dag in 1994 is die heel eerste volledig demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou en die ou bedeling van apartheid is begrawe. Alle volwassenes van agtien jaar of ouer kon toe hul kruisies gaan trek, ongeag hul ras of kleur. Ná die oorgangtyd is die nuwe grondwet van Suid-Afrika op dieselfde dag in 1997 in werking gestel.

As gevolg van onregverdige rassediskriminasie is Suid-Afrika deur die hele wêreld gestraf en ons moes verander in ʻn land waar almal diesefde regte het. Dit is deur die algemene verkiesing van 27 April 1994 verwesenlik—en daar is gevoel dat hierdie waterskeiding in die Suid-Afrikaanse politiek elke jaar as "Vryheidsdag" gevier moet word.

## 1 Mei: Werkersdag

Baie lande gedenk op dié dag - wat ook Meidag genoem word - die bydrae van werkers tot die gemeenskap.

Elders was dit ook tradisioneel 'n dag van betogings vir beter lone en werkstoestande. Vanweë die rol wat vakbonde in die Suid-Afrikaanse vryheidstryd gespeel het, is nie dit verbasend dat ons regeerders 1 Mei as Werkersdag gekies het nie.



Hoekom het ons hierdie week net 3 dae skool? Vra vir Mamma/Pappa om in maklike woorde vir jou meer te vertel oor dié 2 vakansiedae. Hier is ʻn bietjie inligting om hulle te help as hulle dalk vergeet het.